2020/06/15

# HANDELINGE 4

Bybelstudie

# HANDELINGE 4 OPSOMMING


This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

- **Petrus & Johannes gevang; getuig by Joodse Raad**
- **Die Christen gelowiges bid baie ernstig**
- **Hulle deel alles met mekaar**



Bybelstudie

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 1 Petrus en Johannes was besig om met die mense te praat. Toe kom die priesters en die offisier van die tempel werk en die Sadduseërs daar aan.

- 2 Hulle was baie kwaad en ontsteld omdat Petrus en Johannes vir die mense geleer en vertel het dat as jy in Jesus glo, dan sal jy weer lewe nadat jy gesterf het.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 3 Hulle het toe vir Petrus en Johannes gevang en hulle het hulle in die tronk gesit tot die volgende dag, want dit was al klaar donker.
- 4 Maar baie van die mense wat gehoor het wat Petrus en Johannes sê, het begin glo. Hulle het net die mans getel, en daar was omtrent 5 000 mans.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 5 Die volgende dag het die Jode se leiers en familieleiers en skrifgeleerdes in Jerusalem bymekaargekom.
- 6 Annas die hoëpriester, Kajafas, Johannes, Aleksander, en al die ander mans wat familie was van die hoëpriester, was ook daar.
- 7 Hulle het vir Petrus en Johannes in die middel laat staan en het vir hulle gevra: "Wie se krag of wie se naam het julle gebruik toe julle die lam man gesond gemaak het?"

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 8 Die Heilige Gees het toe in Petrus gekom, en Petrus het gesê: "Leiers van die volk en familieleiers,
- 9 julle beskuldig ons vandag omdat ons iets goed gedoen het vir 'n siek man, omdat ons iets gedoen het wat hierdie man gesond gemaak het.
- 10 Julle almal, en die hele volk Israel, moet weet dat Jesus Christus van Nasaret hierdie man gesond gemaak het, daarom staan die man nou hier voor julle. Julle het vir Jesus gekruisig, maar God het Hom weer laat lewe.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA


# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 11 Hierdie Jesus is
  *"die klip, en julle is die bouers,*
  *julle het hierdie klip weggegooi,*
  *maar hierdie klip*
  *het die belangrikste klip*
  *in die hele gebou geword.*




- 12 "Net Jesus kan ons red, niemand anders nie. God het nie 'n ander naam op die aarde vir die mense gegee wat ons kan red nie, Hy wil hê die Naam van Jesus moet ons red."

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA




Jesus het ernstig na hulle gekyk en gesê: “Wat beteken hierdie woorde in die Psalms:
**Die klip wat die bouers**
**nie wou gebruik nie,**
**daardie klip het die belangrikste**
**klip in die hele gebou geword.**

***Die klip ... geword:*** Kyk Ps 118:22

# Lukas 20:17



Photo: https://lutheran-church-regina.com/blogs/post/sermon-pr-ted-giese-sunday-march-13th-2016-luke-209-20-jars-of-glass-the-

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 13 Die Joodse leiers was verbaas toe hulle sien dat Petrus en Johannes nie bang is om oor Jesus te praat nie. Want hulle het geweet dat Petrus en Johannes die Wette van Moses nie goed geken het nie en dat hulle nie geleer het om voor ander mense te praat nie. Hulle het ook geweet dat Petrus en Johannes dissipels van Jesus was.

- 14 Maar hulle het gesien die lam man wat gesond geword het, staan by Petrus en Johannes, en daarom kon hulle niks daarteen sê nie.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

# die Joodse Raad

- 15 Hulle het vir Petrus en Johannes gesê om buite die Joodse Raad te gaan wag. Hulle het toe vergadering gehou en met mekaar gepraat.


4:15 Joodse Raad: 'n Vergadering van 71 belangrike leiers van die Jode. Die hoëpriester was die voorsitter, en die Raad het besluit oor godsdienstige en politieke sake van die Jode, maar hulle kon nie besluit om iemand dood te maak nie. Die mense het die Raad ook "die Sanhedrin" genoem

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

AGS HELDERBERG AFM

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 16 Hulle het gesê: “Wat sal ons doen met hierdie mense? Want God het hulle 'n teken laat doen, dit is seker. Al die mense van Jerusalem dink so, ons kan nie stry nie.



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC-ND

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- . 17 Maar ons wil nie hê dat nog méér mense daarvan moet hoor nie. Daarom moet ons hulle waarsku om nie weer Jesus se Naam te noem nie, hulle moenie met iemand oor Hom praat nie."
- 18 Hulle het toe vir Petrus en Johannes geroep om na hulle toe te kom en hulle het gesê dat Petrus en Johannes glad nie oor Jesus mag preek of vir die mense mag leer van Hom nie.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 19 Maar Petrus en Johannes het vir hulle gevra: "Moet ons luister na God of moet ons luister na julle? Waarvan sal God hou? Julle kan self besluit.
- 20 Want ons kan nie stilbly oor wat ons gesien en gehoor het nie."

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Petrus en Johannes getuig voor die Joodse Raad

- 21 Die Joodse leiers het vir Petrus en Johannes nog meer gewaarsku en hulle het hulle toe laat gaan. Want die leiers het nie geweet hoekom hulle vir Petrus en Johannes moet straf nie. En die leiers was ook bang vir die mense, want almal het God geprys oor wat gebeur het.

- 22 Hulle het ook vir Petrus en Johannes laat weggaan omdat die man wat gesond geword het, meer as 40 jaar oud was. Dit was 'n wonderteken dat die man gesond geword het.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Die gelowiges bid baie ernstig

- 23 Petrus en Johannes kon toe huis toe gaan. Hulle het na die ander gelowiges toe gegaan en hulle het vir die gelowiges alles vertel wat die priesterleiers en die familieleiers vir hulle gesê het.

- 24 Toe die gelowiges dit hoor, het hulle saam ernstig tot God gebid en gesê: "Here, U het die hele wêreld gemaak: die hemel, die aarde, die see, en ook alles in die wêreld.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Die gelowiges bid baie ernstig

- 25 U het met die Heilige Gees gepraat, en die Heilige Gees het met u dienaar Dawid, ons voorvader, gepraat, en toe het Dawid geskryf:

  “Hoekom het
  die heidene geraas?

  Hoekom het hulle planne gemaak
  wat niks sal help nie?

**Psalm 2:1,2 & 6**

**Die gesalfde van die Here**

1 Hoekom is die
volke opstandig,
hoekom raas hulle?
Dit sal niks help nie.

2 Die konings van die aarde,
die mense wat regeer,
het bymekaargekom en
planne gemaak
teen die Here en teen
sy gesalfde…

6 Hy sê: “Dit is Ék wat my
koninggesalf het
op Sion, my gewyde berg.”

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Die gelowiges bid baie ernstig

- 26 Die konings van die aarde het opstandig geword,
  en die mense wat regeer,
  het bymekaargekom
  en planne gemaak
  teen die Here en teen
  sy gesalfde.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Die gelowiges bid baie ernstig

- 27 "Want dit is wat regtig in hierdie stad gebeur het. Koning Herodes en Pontius Pilatus het saam met die heidene en die volk Israel bymekaargekom teen u heilige Dienaar Jesus. U het Hom gesalf.
- 28 Hulle het gedoen wat U lank gelede besluit het. En wat U besluit het, sal gebeur.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Die gelowiges bid baie ernstig


- 29 Here, hulle hou aan om te sê dat hulle ons sal straf. U moet nou vir ons, u dienaars, help sodat ons nie bang sal wees om u boodskap te bring nie.
- 30 U moet ook aanhou om mense gesond te maak, en U moet tekens en wonderwerke laat gebeur wanneer die apostels die Naam noem van u heilige Dienaar Jesus."

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Die gelowiges bid baie ernstig

- 31 Toe hulle klaar gebid het, **het God die plek laat skud waar hulle bymekaar was.** Die Heilige Gees het in almal gekom en hulle het toe die boodskap van God gebring, hulle was nie bang nie.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA




https://www.washingtonpost.com uittreksel

## Handelinge 1:8

8 Maar **<u>julle sal krag kry wanneer die Heilige Gees in julle kom</u>**. Dan sal julle my getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot by die einde van die wêreld."

## Vrees om voor mense te praat:

4:31b
Die Heilige Gees het in almal gekom en hulle het toe die boodskap van God gebring, **hulle was nie bang nie.**

AFM Helderberg AGS
Lig Liefde Lewe | Light Love Life

# Handelinge 4 Die gelowiges deel alles met mekaar

- 32 Baie mense het begin glo en hulle het almal dieselfde gedink en gevoel. Niemand het gesê dat sy goed net sy eie goed is nie, nee, hulle het alles gedeel met mekaar.
- 33 Die apostels het ernstig getuig dat die Here Jesus gesterf het, maar dat Hy weer lewe. En God was baie goed vir hulle almal.
- 34 Want niemand van hulle het te min gehad nie. Die mense wat grond of huise gehad het, het dit verkoop, en dan het hulle die geld gebring

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# Handelinge 4 Die gelowiges deel alles met mekaar

- 35 en dit vir die apostels gegee. Die apostels het dit uitgedeel vir elkeen wat iets nodig gehad het.
- 36 Daar was 'n man, sy naam was Josef. Die apostels het hom Barnabas genoem. Barnabas beteken "Iemand wat ander mense bemoedig." Hy was 'n Leviet, hy het van die eiland Siprus gekom.
- 37 Hy het 'n stuk grond gehad en hy het dit verkoop. Toe bring hy die geld en hy gee dit vir die apostels.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA

# HANDELINGE 4 OPSOMMING


This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC

- **Petrus & Johannes gevang; getuig by Joodse Raad**
- **Die Christen gelowiges bid baie ernstig**
- **Hulle deel alles met mekaar**



Bybelstudie

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.4.ABA
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.